Geslagsvorme

Skryf die geslagsvorm van die onderstreepte woorde neer:

Vandag is die paleis in rep en roer. Dit is die **prinses** se troudag. Die **bruidegom** se **broer** is die **strooijonker**. Hy is natuurlik ook die prinses se aanstaande **swaer**. Die prinses se **niggie** is die **strooimeisie**. Die koning gaan sy **dogter** kerk toe vergesel in 'n luukse motor. Die prinses se **mammie** sal 10 minute voor hulle kerk toe vertrek en sy word vergesel deur die prinses se **ouma** en haar **tante**. Haar tante is 'n **weduwee**, want haar man is oorlede. Die **orreliste** sal die troumars begin speel wanneer die bruid gereed is om in te stap. Die **sangeres** wat hulle gaan toesing, is 'n groot **vriendin** van die prinses.

Daar is baie gaste na die huwelik uitgenooi. Natuurlik is daar baie bekende mense op die gastelys. Daar is onder andere n beroemde **danser**, 'n bekende **skrywer**, 'n **akteur** of twee en 'n baie beroemde rugby**speler**. Selfs twee gewese **onderwyseresse** van die prinses, 'n **mejuffrou** Nel en **mevrou** Gouws, is genooi. Die prinses se **sekretaresse** het die uitnodigings uitgestuur en dit was 'n baie groot werk. Die onthaal gaan 'n spoggerige affêre wees, met 'n deftig geklede **kelner** wat elke tafel se gaste moet bedien.

Skryf die geslagsvorm onder die regte hofie en vul die teenoorgestelde geslag in.

Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik
prins	prinses	sanger	sangeres
bruidegom	bruid	vriend	vriendin
broer	suster	danser	danseres
strooijonker	strooimeisie	skrywer	skryfster
swaer	skoonsuster	akteur	aktrise
nefie	niggie	speler	speelster
seun	dogter	onderwyser	onderwyseres
pappie	mammie	meneer	mejuffrou
oupa	ouma	meneer	mevrou
oom	tante	sekretaris	sekretaresse
wewenaar	weduwee	kelner	kelnerin
orrelis	orreliste		